



VARSITYBOKER-REKERS

Tuks staan op uit as

Drama in Baai; UJ en Pukke bly wen

Marnus Kok

Nollis Marais se Tuks-rugbyspan het uiteindelik uit die Varsitybeker-as opgestaan.

Die verdedigende kampioen het agt drieë gedruk om die Ixias gisteraand met 54-26 in Bloemfontein te klop.

Marais, wat verlede jaar deur John Mitchell as die Bulle se afrigter in die Superreeks vervang is, is die afgelope week nader getrek om die segelose Pretorianers die houtlepel vanjaar te laat vryspring.

En wel, Tuks het 'n treetjie in die regte rigting gegee.

Die Pretorianers was aanvanklik soos 'n ou plaasbakke – dit was 'n gesukkel om aan die gang te kom, maar toe daal enjin eers vat, was daar perde!

Spelers soos die Tuks-vleuel, Cameron Hufke, en die senter, die oud-Luiperd Tyler Fisher, het toeskouers met hul vaart en aanvoeling vir die spel vermaak.

Die besoekers se flank Brian Leitch en die haker Corniel Els het die Ixias voorlans voos ge-ruik.

Nie dat die Ixias in die tweede helfte boedel oorgegee het nie. Die plaasvervanger-skrumskakel Ruben de Haas het 'n paar opwindende lopies ingekry.

■ Drama van die veld af het sake in Port Elizabeth oorheers, toe die wedstryd tussen die Madibaz en die Maties gestaak is met die Stellenbossers 19-0 voor.

Michael Green berig dat lede van die NMMU-studenteraad so-wat agt minute ná rustyd met geweld by die universiteit se losie probeer inbars het.

Veiligheidsbeamptes het probeer keer en daar het gevegte uitgebreek.

Die wedstryd is uiteindelik afgelas nadat 'n opruiende toespraak oor die klankstelsel uitgesaai is en stoele op die veld gegooi is.

■ Die Universiteit van Johannesburg moes soos tiere verdeed en aanslag op aanslag afweer, maar sy rotsvaste verdediging het hom gehelp om 'n sege



Die Tuks-slot, Marius Verwey, word uit alle oorde dopgehou terwyl hy 'n bal in die lynstaan gryp tydens die Pretorianers se Varsitybeker-wedstryd gisteraand teen Bloemfontein se Shimlas.

Foto: MLUNGISI LOUW

oor 'n begeesterde Wits-span te behaal, berig **Tinus van Staden**.

UJ het dié stryd op Wits se tuisveld in Johannesburg met 29-17 gewen.

Hoewel UJ uitstekend verdedig het, was die Witsies soms ook hul eie grootste vyand.

Belowende bewegings het klokslag weens hanteerfoute en oorywerigheid skipbreuk gely.

Die tuisspan het wel uitstekend teruggeveg nadat hy in 'n stadium met 5-21 agter was.

Twee drieë het Wits binne trefstand gebring met die telling op 21-16, maar UJ wou nie bes gee nie.

Wits se grootste wapen was rolmaalbewegings, wat ook op twee van sy drie drieë uitgeloop het.

UJ het die skrumstryd egter oorheers en Wits sal in dié aspek moet verbeter as hulle volgende week die Pukke in Johannesburg wil tem.

■ Die Pukke het hul hoop op 'n tuishalfeindstryd gestu toe hulle

gister agt drieë ingeryg het om Shimlas in Potchefstroom met 58-21 te verneder.

Die Potchefstroomers het daarmee tot in die tweede plek op die punteleer geskuif.

Jonathan Mokuena se span het soos 'n goed geoliede masjien voor hul tuisskare gespeel en Shimlas deurlopend laat klippe kou.

Hulle was dodelik op die aanval en was dit nie vir 'n paar ontydige hanteerfoute nie, sou hulle die tellinghouers selfs meer werk gegee het.

Terwyl Pukke se aandeel aanhou styg, is Shimlas dié seisoen nie eens 'n skaduwee van die span wat in 2015 die trofee omhoog gehou het nie.

Verlede week is hulle in hul agterplaas met 49-12 deur UJ geslag.

Die Bloemfonteiners was hul eie grootste vyand, met mislukte duikslae en swak dissipline aan die orde van die dag.

■ Puntemakers op Netwerk24.



UJ se Tatendaishé Mujawo laat gister 'n Wits-verdediger gras vreet in die Goudstad-derby.

Foto: GALLO IMAGES